BUSINESS SCHOOL
BESIGHEIDSKOOL
SEKOLO SA KGWEBO


1. OORSIG

2. TOELATINGSVEREISTES

3. DIE AANSOEKPROSES

4. DUUR

5. KURRIKULUM

6. NAVRAE

7. INDIENING VAN AANSOEKVORM


# MEESTERS IN BESIGHEIDSADMINISTRASIE

ASSOCIATION OF MBAS ACCREDITED

## 1. OORSIG

### MBA-Studies – U opwindende reis vir 'n leeftyd!

Die MBA van die Noordwes-Universiteit word deur die NWU Besigheidskool aangebied, en is tans geakkrediteer deur die Hoër-onderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) in Suid-Afrika, sowel as internasionaal deur AMBA in Londen (VK) en AABS in Afrika.

Die NWU word geag as een van die bes-bestuurde universiteite in Suid-Afrika. Die NWU Besigheidskool lewer bevoegde graduandi aan Suidelike Afrika wie, op hul beurt, bewese bydrae lewer tot sosiale en ekonomiese groei in die streek. Die NWU Besigheidskool poog om professionele nagraadse bestuursleiers te lewer. Die personeel van die NWU Besigheidskool is dus gefokus op die kombinering van teorie en praktyk, om sodoende die strategiese leierskapspotensiaal van sakeleiers ten volle te ontwikkel. Die programinhoud en standaard van die NWU Besigheidskool se MBA verseker dat deelnemers die beste vaardighede bekom ten opsigte van internasionale besigheidspraktyk, -tendense en leierskapsdenke wat suksesvol op die uitdagings wat ervaar word,toegepas kan word.

BACK

## Toelatingsvereistes

Toelating tot die MBA-program is onderhewig aan streng kriteria en in ooreenstemming met ten volle geakkrediteerde besigheidskole in Suid-Afrika. Aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Erkende vier-jaar graadkwalifikasie (of ekwivalent) op NKR-vlak 8. Enige internasionale kwalifikasie moet deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA) verifieer word. Hierdie verifiëringsproses is die verantwoordelikheid van die aansoeker en nie die verantwoordelikheid van die NWU nie; of
- Honneursgraad op NKR-vlak 8; of
- Nagraadse diploma op NKR-vlak 8;
- PLUS minimum van drie jare werkservaring;
- PLUS suksesvolle voltooiing van die SHL- of NMAT-toelatingstoets.

Aansoekvorm is beskikbaar op ons webwerf:
http://commerce.nwu.ac.za/business/mba-potchefstroom

## Die aansoekproses

Besoek: http://studies.nwu.ac.za/postgraduate-studies/higher-degree-admissions

- **Stap 1**: Om vir toelating aansoek te doen moet die voornemende student 'n aansoekvorm voltooi en dit met al die nodige stawende dokumente inhandig soos aangedui in die riglyne vir aansoekers, 'n CV; motiveringsbrief; twee ID-foto’s; aansoekfooi; sowel as gesertifiseerde kopieë van IDdokument; akademiese rekords en sertifikate. Die aansoek kan dan aangestuur word aan die relevante administratiewe fakulteitsadviseur. Alle aansoeke word in elektroniese- sowel as hardekopie aanvaar.

- **Stap 2:** Aansoekers sal oor hul aansoekstatus ingelig word na die papierkeuring. Suksesvolle aansoekers word gekontak om die SHL- of NMATtoelatingstoets af te lê.

- **Stap 3:** NWU Besigheidskool behou die reg voor om aansoekers vir persoonlike onderhoude te nooi indien nodig.

## Duur

Die minimum duur en maksimum duur van die MBA-program is onderskeidelik twee en drie aaneenlopende akademiese jare. Die MBA-program is geskeduleer na aanleiding van die volgende:

### 1. Waar die kwalifikasie aangebied word

- Potchefstroomkampus op deeltydse basis; Afrikaans medium; Saterdagoggende;
- Vaalkampus op deeltydse basis; Engels medium; Maandae middae;
- Mafikengkampus - blokklas benadering; Engels medium; Vrydae - Sondae.

### 2. Studieskole

Twee studieskole word jaarliks geskeduleer. Dit behels 'n totaal van vier studieskole (Blokke A, B, C en D) wat versprei is oor die twee akademiese jare.

### 3. MBA-navorsingsdae

Daar word van die student verwag om een addisionele toegewysde MBA-dag per jaar/semester by te woon (MBA-dag A, B, C en D).

## Kurrikulum

| MBA JAAR 1 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| MODULE-KODE | SEMESTER A | KREDIETE | MODULE-KODE | SEMESTER B | KREDIETE |
| MBAA 811 | Korporatiewe bestuur | 12 | MBAB 821 | Tegnologiebestuur | 12 |
| MBAA 812 | Operasionele bestuur | 12 | MBAB 822 | Strategiese Talentbestuur | 12 |
| MBAA 813 | Bestuursekonomie | 12 | MBAB 823 | Bestuursrekeningkunde* | 12 |
| MBAA874 | Navorsingsmetodologie | 12 | MBAA874 | Navorsingsmetodologie (vervolg) | 12 |
| **MBA JAAR 2** | | | | | |
| MODULE-KODE | SEMESTER A | KREDIETE | MODULE-KODE | SEMESTER B | KREDIETE |
| MBAC 811 | Strategiebestuur | 12 | MBAD 821 | Leierskap | 12 |
| MBAC 812 | Maatskappyprojek (P)** (M)** | 12 | MBAD 822 | Bemarkingsbestuur | 12 |
| MBAC 813 | Finansiële bestuur | 12 | MBAD 823 | Entrepreneurskap (P)** Openbare bestuur (M)** | 12 |
| MBAC 873 | Navorsingsprojek | 12 | MBAC 873 | Navorsingsprojek (vervolg) | 54 |

**Aansoekers sonder enige finansiële agtergrond word aangeraai om in te skryf vir die Finansiële Verslagdoening-module deeltyds aangebied op die Nagraadse Diploma

**(P) = Potchefstroom; (M) = Mafikeng

BACK

1. OORSIG

2. TOELATINGSVEREISTES

3. DIE AANSOEKPROSES

4. DUUR

5. KURRIKULUM

6. NAVRAE

## Navrae

**Potchefstroom:**
**Wilma Pretorius**
PBSInfo@nwu.ac.za
+27 (0)18 299 1419

**Vanderbijlpark:**
**Rhonda Ferreira**
rhonda.ferreira@nwu.ac.za
+27 (0)16 910 3011

**Mafikeng:**
**Saleemah Abdullah**
GradSchool@nwu.ac.za
+27 (0)18 389 2095

**Webtuiste:**
http://studies.nwu.ac.za/postgraduate-studies

**Om 'n kwotasie te vra:**
PC-studyfees@nwu.ac.za
Betaalbare gelde en finansiële regulasies:
http://studies.nwu.ac.za/studies/bursaries-and-loans

BUSINESS SCHOOL
BESIGHEIDSKOOL
SEKOLO SA KGWEBO

1. OORSIG

2. TOELATINGSVEREISTES

3. DIE AANSOEKPROSES

4. DUUR

5. KURRIKULUM

6. NAVRAE

7. INDIENING VAN AANSOEKVORM

## Indiening van aansoekvorm:

Aansoek is oop vanaf 1 September - 15 Desember


**Potchefstroom and Vanderbijlpark**
PostGrad-EnquiriesPOTCH@nwu.ac.za
018 299 4043

**Mafikeng**
GradSchool@nwu.ac.za
018 389 2095


**Vir meer inligting, besoek gerus ons webwerf:**

http://commerce.nwu.ac.za/business/mba-potchefstroom

BACK